**Woensdag 24 Januarie**

| Skrifgedeelte: Deuteronomium 13:1-5 | Fokusgedeelte: Deuteronomium 13:1-3; Heidelbergse Kategismus 34:94 |
| --- | --- |

# Towery en waarsêery

In die Bybel word daar op verskeie plekke van towery en towenaars gepraat, byvoor-beeld die towenaars in Egipte (Eks. 7:10-12; 8:7, 18-19), Simon die towenaar (Hand. 8:1-25), Elimas die towenaar (Hand. 13:6-12), ensovoorts. Net soos towery, is waarsêery ook ’n baie ou praktyk. Dit het veral onder die heidenvolke voorgekom en het as valse profete in Israel ingedring. Een van die voorbeelde daarvan in die Bybel is die optrede van die dodebesweerster teenoor Saul (1 Sam. 28). Dit is uit die Skrif duidelik dat towery en waarsêery vir die gelowige verbode is (Lev. 19:31; 20:6; Deut. 13:1-3; 18:10-12; 2 Kron. 33:6; Jes. 8:9-20). Veral in Deuteronomium 13:1-3 word towery en waarsêery baie streng verbied.

Wat ’n mens in hierdie gedeelte opval, is dat hier openlik erken word dat sulke tower-wonders inderdaad plaasvind en dat hulle voorspellings ook werklik bewaarheid word. Towery en waarsêery vind dus werklik plaas (vgl. ook Matt. 24:24). Aan die ander kant be-stempel die Skrif hierdie praktyk uitdruklik as iets uit die duiwel, as iets van “ander gode”. Dit is die duiwel wat aan die towenaars en waarsêers die mag en die vermoë gee om towerkunste te verrig en dinge vooruit aan te kondig wat werklik gebeur.

Natuurlik geskied dit onder die toelating van God en baie duidelik word ook gesê waar-om God sulke dinge toelaat. Die Here laat dit toe om die gelowiges op die proef te stel: om te sien of hulle so vas in Hom glo en Hom met hart en siel so liefhet dat hulle, ondanks die “wonders” van die towenaars en die “ware voorspellings”, al hierdie dinge tog as eie werke van die duiwel sal verwerp en onvoorwaardelik aan Hom gehoorsaam sal wees.

Die Here verbied die gelowiges uitdruklik om met towery, waarsêery en goëlery iets te doen te hê, want volgens Deuteronomium 18:9-14 beveel Hy: “Daar mag nie ’n besweer-der by jou wees nie en ook nie ’n towenaar of iemand wat voortekens lees of ’n goëlaar of ’n slangbesweerder of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie. Die Here het ’n afsku van elkeen wat hierdie soort ding doen … Hierdie nasies wat jy gaan verdryf, luister na towenaars en besweerders. Maar die Here jou God verbied jou om dit te doen.” Die strewe om oor buitengewone vermoëns soos towery en waarsêery te kan beskik, openbaar die begeerte by die mens om, in stryd met die wil van God, oor kennis en vermoëns te beskik waardeur God se almag en alwetendheid nageboots kan word. Daarom is dit niks anders nie as opstand teen God.